

Die Here kom staan toe daar en roep soos die vorige kere:

“Samuel, Samuel!”

Samuel het geantwoord: “Ja, Here, u dienaar luister.”

1 Samuel 3:1-10

3 - 9 Junie 2018



So: **1 Samuel 3:1-10, (11-20)**

Ma- Di: Psalm 139:1-6, 13-18

Wo- Do: 2 Korintiërs 4:5-12

Vr.-Sat: Markus 2:23-3:6



Luister na die Here



### Dankgebed (Gebed voor ete)

Dankie Here dat U vir ons sorg. Dankie vir die kos wat ons kan eet.

### Oorgee-gebed

Here ek wil ook na U luister soos Samuel het.

### Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)

Mag God jy luister as God vandag met jou praat.



Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

### Lees: 1 Samuel 3:1-10

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

### Raakvat vrae:

- Waarom het Samuel gedink dit is Eli wat na hom roep?
- Hoekom het dit Eli so lank geneem om te besef dit is God wat na Samuel roep?
- Hoe dink jy het Samuel gevoel toe hy besef dat dit God is wat met hom wil praat?
- Hoe sou jy gevoel het as jy Eli was? (veral omdat God met Samuel praat ipv met jou)



Ons spandeer kwaliteit-tyd saam

’n Mens herken maklik iemand se stem wat jy goed ken.

Kyk of julle die week vir iemand ’n voicenote kan stuur waarin jy iemand anders se stem namaak.

Julle kan lekker lag oor al die reaksies wat julle kry.



Ons oefen ons geloof op ’n praktiese manier

Mense hoor God se stem veral in die Bybel. Dink aan iemand (’n persoon of gesin) vir wie julle ’n Bybel kan gee. Dink veral aan iemand wat dalk nie ’n Bybel het nie.

Ontwikkel deur in samewerking met no

HH-Familiekerk Somerset Wes



Ons leef ons geloof heel week uit

Dink ’n bietjie oor ’n keer toe jy seker was jy het God se stem gehoor.

Gee elkeen kans om te vertel van so ’n keer. Vertel wat gebeur het en hoekom jy so seker was dat jy God gehoor het.

NOUS